
 <p>PARYS</p> <p>Graad 7 Wiskunde</p> <p><u>Formele Assessering 1.1.</u></p> <p>Heelgetalle & Finansiële Wiskunde</p> <p style="text-align: right;">Tyd: 1 uur</p>	<p><u>Eksaminator:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • L. Cronje <p><u>Moderator:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • J. Olivier
<p>Naam & Van:</p> <hr/> <p>Gr. 7: C / H / J</p>	<p>Punt : _____ / 50</p> <p>Persentasie : _____ %</p> <p>Vlak : _____</p>

Instruksies:

1. Skryf asseblief netjies en leesbaar met 'n BLOU PEN.
2. Beantwoord AL die vrae op die vraestel, in die spasies of blokke soos voorsien.
3. ALLE bewerkings moet op die vraestel getoon word.
4. Jy mag NIE `n sakrekenaar gebruik nie.
5. Lees alle vrae noukeurig en deeglik, STERKTE!

1. Kies die korrekte antwoord deur die letter van jou keuse op die lyn te skryf:

- 1.1. Wat is die saamgestelde faktor(e) van 20? _____
- A. 1; 2; 4; 5; 10; 20 C. 1
- B. 2 en 5 D. 20
- 1.2. Wat is die som van die eerste vyf priemgetalle? _____
- A. 15 B. 18 C. 28
- 1.3. Wat is die KGV van 15 en 25? _____
- A. 5 B. 75 C. 150
- 1.4. $abc \times 0 = 0$ _____
- A. waar B. vals
- 1.5. $99\,999 \div 0 = ?$ _____
- A. 0 B. 99\,999 C. ongedefinieerd



- 1.6. Watter van die volgende vergelykings is inkorrekt? _____
- A. $5 \times 6 = 6 \times 5$ C. $5 + 6 = 6 + 5$
 B. $5 \div 6 = 6 \div 5$ D. $a \times (b \times c) = (a \times b) \times c$

- 1.7. Die balans op die staat van jou spaarrekening is R 453,50 _____
 Daar is ook R 5,25 se rente by.
 Hoeveel geld was in jou rekening voor die rente in ag geneem is?
 A. R 453,50 B. R 448,25 C. R 458,75

(7)

2. Pas die eienskappe van heelgetalle in kolom A met die voorbeelde in kolom B:

<u>Kolom A:</u>	<u>Kolom B:</u>	<u>Kolom C:</u>
2.1. Distributiewe eienskappe	A. $g + h = h + g$	2.1.
2.2. Assosiatiewe eienskappe	B. $m(a + b) = (m \times a) + (m \times b)$	2.2.
2.3. Kommutatiewe eienskappe	C. $(d + e) + f = d + (e + f)$	2.3.

(3)

3. Voltooi:


903 675 ; 903 678 ; 903 672 ; 903 681 ; 903 696

- 3.1. Rangskik die getalle hierbo in dalende orde:
 _____ (2)

- 3.2. Wat is die verskil tussen die twee grootste getalle?
 _____ (1)

- 3.3. Wat is die plekwaarde van die 9 in 903 681? _____ (1)

- 3.4. Rond 903 678 af tot die naaste
 5: _____
 1 000: _____ (2)



4. Voltooi:

4.1. Identifiseer die reël in die getal patroon hieronder:

72 002; 78 502; 85 002; 91 502 _____ (1)

4.2. Watter getal is halfpad tussen 72 002 en 91 502? (Toon al jou bewerkings!)

(3)


4.3. Vul <, > of = in: 78 502 _____ $70\ 000 + 5\ 000 + 800 + 2$ (1)

4.4. Lys die veelvoude van 150 tussen 220 en 630.
_____ (1)

5. Bereken / Los op:

5.1. $15(8 - 4) = (15 \times \text{_____}) - (\text{_____} \times 4) = \text{_____}$ (3)

5.2. $90 \div 9 + 19 \times (8 - 6)^2 = ?$
= _____
= _____
= _____ (3)



5.3. As $a = 3$, $b = 5$ en $c = 6$, bereken die antwoord van:

$$c(b \times a) \div b + 1 = ?$$



(3)

6. Toets of die volgende berekening korrek gedoen is deur gebruik te maak van die INVERSE, vertikale metode van bewerking:

$$308\ 500 \div 125 = 2\ 468$$




(3)

7. Voltooi:

7.1. Vereenvoudig die volgende verhouding: $R6,40 : 80c$ _____

7.2. Skryf die eenheidskoers neer vir $\frac{100\ m}{10\ s}$: _____

(4)



8. Probleemoplossing: los die volgende probleme hieronder op deur AL jou bewerkings te toon:

- 8.1. Daar is 90 appels in 'n sak. Verdeel die appels tussen 2 mense in die verhouding 2 : 3.

(3)

- 8.2. Rumé klim berg en vorder 120 meter elke uur. Teen hierdie koers, hoeveel sentimeter sal sy in 4 ure aflê?

_____ (3)

- 8.3. 'n Selfoon word aangekoop vir R2 500 en word dan verkoop vir R4 000. Bereken of 'n wins of verlies gemaak is en wat die bedrag was.

_____ (2)

- 8.4. Tim wil graag 'n televisie koop. Hy maak 'n lening van R5 000 teen 15% rente per jaar vir 2 jaar.

a) Hoeveel rente moet Tim betaal?

(2)

b) Wat is die totale bedrag wat Tim vir sy televisiestel gaan betaal?

_____ (2)

Totaal: 50 punte

